

Toekenning van die Erepenning vir Visuele Kunste aan prof. Hans Wegelin

Huldigingswoord- bekroningsplegtigheid 5 September 2014 deur Pieter J Mathews

Prof. Hans Wegelin word vereer vir sy bydrae tot die Argitektuur profesie in die algemeen en spesifiek vir sy tegniese bydrae hiertoe. Hiermee tesame word hy ook bekroon vir sy onskatbare bydrae tot die bewaring van Afrikaans as tegniese taal in die boubedryf. Daar word besonder mooi omgesien na ons hogere taal uitsette, bv letterkunde, prosa en poesie, maar dit is op grondvlak in die werksplek en op die bouterrein waar Afrikaans bedreig word. (moet gedy)

Hans Wegelin tree in die bresse vir Afrikaans deur sy weiering om *Construction Primer* net in Engels te publiseer en dring hy aan op 'n tweetalige uitgawe. Die tweetalige uitgawe ontnem niks van die eindproduk nie, maar verryk dit eerder en verskaf 'n addisionele bron van inligting en vergelyking.

Construction Primer bestaan uit sy notas aan studente in Argitektuur versamel deur die jare. Dit word tans voorgeskryf deur die meeste tersiêre instellings waar Argitektuur en aanverwante kursusse in konstruksie, aangebied word. Hierdie werk word spoedig vir die derde keer herdruk.

Sy tweede groot nalatenskap is die spesifikasie gidse vir Argitekthe nl. *The Specifications Guide*, asook die spesifikasie gids in opdragwerk van die Departement van Publieke werke met die title "*Construction Works Specification*". Eersgenoemde word 'n onmisbare item en verskaf onskatbare waardevolle inligting aan argitekthe. Hierdeur verseker hy dat behoorlike spesifikasies in plek is, sodat geboue opgerig word wat langer hou en dus by implikasie meer volhoubaar daaruit sien. Die nastrewing van hoë standaarde in die boubedryf word ook hierdeur verwesenlik. Eersgenoemde publikasie is reeds 21 jaar in gebruik en is reeds 5 keer herdruk.

Verder skryf hy ook 'n reeks artikels in *Architecture SA* en *SA Architect*. Hierdie artikels ondersoek die tegniese moontlikhede rakende die samestelling en detaileering van geboue. Deur die artikels word bewusmaking by Argitekthe geskep t.a.v van die poëtiese moontlikhede van detaileering as 'n pragmatiese kunsvorm in diens van die geheelbeeld of Gestalt.

Prof. Hans Wegelin se onderrig, publikasies, spesifikasies en tegniese kennis sal voortbestaan en is sy nalatenskap aan 'n menigte toekomstige generasies. Ek wens hom geluk met 'n welverdiende Erepenning, wil hom graag bedank vir sy onskatbare bydrae tot ons profesie, goeie geboue wat ons almal nog tot voordeel sal strek.